

13 April

Jesaja 38:1-8, 20

In ons lyde - met geloof nie magteloos nie

Op 'n dag verander gister se gesondheid skielik in siekte. Ons gesinsvreugde slaan sonder waarskuwing om in skok en verslaentheid. Net toe ons die sukses van ons onderneming begin meet, toe kom die slag... Wie kon sulke dinge verwag? Magteloos vra ons onself af: "Is God besig met 'n spel?" Koning Hiskia word op 'n dag ernstig siek en die profeet Jesaja sê reguit dat hy maar sy familie moet groet want hy gaan binnekort sterf. Nie Hiskia nie. Hiskia draai net daar om en begin bid. Hy weet sy Here sal hom hoor en dat siekte dan nie die laaste sê het nie. Hy pleit dat die Here in ag moet neem dat hy in trou en met volle oorgawe voor die Here geleef het. Natuurlik bied dit geen waarborg vir uitstel van sy sterfdag nie. Maar met dié woorde herinner Hiskia die Here aan sy verbintenis met hom. Dat Hiskia so toegewyd vir God kon leef, was vervulling van God se beloftes. God se beloftes is steeds in swaarkry-tye die gelowige se krag. Die Here sal diegene wat biddend tot Hom vlug nog 'n keer seën. Jesaja kom met goeie nuus. God gee koning Hiskia nog 15 jaar. Hiskia kon nie anders as om te begin sing nie!

Gebed haal ons uit ons magteloosheid uit want daarmee herinner ons God aan Jesus Christus. Hy was die Een wat nie op uitstel, verligting of herstel kon hoop nie. HY moes in ons plek sterf om so die angel uit ons swaarkry, selfs uit ons die dood te haal. Laat ons dan vashou aan ons doop, God se verbond met ons. Gebed maak ons oë weer oop vir God se wonders om te gebeur. Niks is finaal nie want God se genade in Christus is nog tot ons beskikking. Staan dan op en begin bid.

Sing Psalm 46:1

Dr. J.L. Venter (Pretoria-Annlin)